

Dinsdag 7 Januarie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 9:1-17; Heidelbergse Kategismus, Vraag 28

Fokusgedeelte: 1 Samuel 9:15-17

God gebruik jou hede en stuur jou na sy toekoms

Hierdie nuwe jaar kan baie onsekerheid inhou. Daarom moet ons hoor dat God in beheer is.

Ons lees van 'n reeks gebeure wat uitloop op die salwing van Saul as Israel se eerste koning. Toe die volk 'n koning vra, gee die Here self 'n man. Hy kom uit 'n stam sonder aansien: Benjamin. Uit 'n klein familie, sonder aansien.

Die verhaal begin met 'n soektog na donkies. Omdat sy pa, Kis, 'n ryk man was, lyk dit na 'n vermorsing van tyd en moeite om so te soek na 'n paar donkies. Tog het die hele soektog 'n baie goeie doel. Dit teken die Here se beplanning om Saul en Samuel bymekaar te bring. Daar bestaan nie "toevallig" nie. Die Here beheer die situasie sodat sy plan kan gebeur.

Saul bestee baie tyd en reis ver sonder sukses. Hy wil omdraai, maar die slaaf keer hom. Hulle is presies by die dorp waar Samuel, die profeet van die Here, is. Kyk weer na die detailbeskrywing van die soektog na die donkies. Die hele pad deur die streke van Israel is die oopvou en ontvouing van God se plan. God voorsien self – daarvan getuig die feit dat die slaaf weet dat Samuel in die dorp is. Tot die drie gram silwer is so beskik. Die Here openbaar dan self aan Samuel dat Saul "die gestuurde man" is. Sonder dat Saul dit besef, is verlore donkies, 'n slaaf en klein bietjie geld die skakels tussen hom en koningskap.

Lastige dinge, 'n vrugtelose soektog en eenvoudige mense word God se instrumente in ons lewe. So ook is die offer, die ete en die ontmoeting in die poort deel van God se plan. God stuur ons gedagtes en lewe in 'n bepaalde rigting sodat alles vir ons ten goede kan meewerk. Saul se lewe verander dramaties ná hierdie ontmoeting. Hy word die eerste koning van God se uitverkore volk. Dit is 'n baie besondere roeping. Hy word later gesalf om te heers. Hy ontvang God se Gees om goed te heers.

Ons Here Jesus Christus verneder Homself en begin sy lewe op aarde nederig, sonder aansien in 'n stal. Hy ontvang die Heilige Gees by sy doop en word as Messias – Koning – gesalf. Hy kom om 'n baie besondere diens te verrig. Hy verkondig sy Vader aan ons sodat ons die Here kan loof vir sy plan wat daagliks gebeur. Die Here gebruik elke tyd en omstandigheid in ons hede om ons die toekoms in te stuur as sy geroepenes.

Ons moet bly getuig dat God nie net in beheer is nie, maar oppad is met elke gelowige na 'n besondere doel. Ons lewe is nie doelloos nie, ons is geroep as profete, priesters en konings. Die Here rus ons toe deur die Gees en die Woord om ons roeping uit te voer. Bid dat God vandag vir jou insig sal gee om as gelowige kind jou werk met ywer te verrig.

Sing: Psalm 25-1:1

Ds. SP Venter (Sarel) (Pietersburg)